



Augustus 2018 NUUSBRIEF

Geagte Meneer / Dame

WITZENBERG PALS – AUGUSTUS 2018

1. Inleiding

Witzenberg PALS het sy ontstaan in die oortuiging dat privaat grondeienaars betrokke moet wees in grondhervorming en dat dit nie bloot aan die staat oorgelaat moet word om die proses te bestuur nie. Elke ontwikkeling sedert die vorming van die inisiatief, veral op politieke vlak, oortuig ons meer en meer dat dit vir elke landbou grondeenaar onontbeerlik is om in grondhervorming betrokke te wees.

Die alternatiewe benadering, naamlik dat grondeienaars slegs poog om eiebelang te beskerm en nie betrokke te wees by grondhervorming nie, het bygedra tot die byna toksiese atmosfeer waarbinne die onteieningsdebat tans plaasvind.

Dit is ongelukkig so dat, indien die PALS raamwerk op groot skaal in die landbou toegepas is sedert die aanvang van die inisiatief, die politieke populistes nie die ammunisie gehad het wat hulle tans het nie. Die staat se versuim om die nodige ondersteuning te verleen aan projekte het ook nie die pragmatiese politici se hand gesterk nie.

Ten spyte van oënskynlike struikelblokke moet niks ons egter verhoed om die regte besluite te neem en ons optrede dienooreenkomstig te rig nie.

2. Onteieningsdebat

Die wysiging van Artikel 25 van die Grondwet op 'n wyse wat produktiewe grond en bates beskerm en regsekerheid bring oor die tipe grond wat sonder vergoeding onteien kan word, is tans die grootste kwessie in Suid-Afrika.

Dit blyk dat die regering saamstem met Witzenberg PALS, naamlik dat die huidige statutêre bestel voorsiening maak vir grondonteiening sonder vergoeding. Die feit dat daar egter 'n debat oor bestaan, tesame met die politieke realiteite wat die President in die gesig staar, het die regering nou genoop om die standpunt in te neem dat die Grondwet gewysig moet word om die huidige bestel duidelik te verwoord en om 'n raamwerk te skep met riglyne waarbinne grondhervorming kan geskied.

In hierdie verband is dit uiters belangrik dat die faktore en omstandighede wat toegepas sal word in gevalle waar grond vir onteiening geormerk word, duidelik gedefinieer word.

Dit is ook belangrik dat die staat nie eienaar moet raak van landbougrond nie, maar dat privaateienaarskap beskerm word en begunstigdes in grondhervormingspogings eie titel kry.

PALS sal namens ons lede voortgaan om sinvolle oplossings en meganismes voor te lê aan die regering en parlementêre komitee gemoeid met die hersiening van Artikel 25. Ons het reeds begin met voorbereiding van voorstelle vir 'n voorgestelde bewoording van die artikel

3. Parlementêre Colloquium

Op 8 Junie 2018 het die parlement se Grondwetlike Hersieningkomitee 'n Colloquium (akademiese konferensie) in die parlement aangebied. Dit was gereël om die lede van dié komitee in te lig en voor te berei vir hul ondersoek na die noodigheid en wyse waarop Artikel 25 van die Grondwet moontlik gewysig kan word om Grondhervorming te versnel.

Witzenberg PALS het 'n spesiale uitnodiging gekry om die geleentheid by te woon. Hierdie uitnodiging is 'n duidelike aanduiding dat die meriete van die PALS raamwerk op 'n hoë vlak erken word, aangesien dit beperk was tot daardie individue en partye wat gereken is die komitee kan toelig

Mnr. Gerrit van Vuuren het die Colloquium namens PALS bygewoon en het die geleentheid gekry om die PALS raamwerk in persoonlike gesprekke met politici oor die hele spektrum te deel. Hy het 'n voorlegging wat vir hierdie doel voorberei is aan die lede van die komitee oorhandig en sekere aspekte daarvan met hulle bespreek.

Die voorlegging is hierby aangeheg en kan u spesifiek na die *Executive Summary* en die voorstelle op bladsy 16 en 17 kyk.

Die Colloquium is deur Oudregter Albie Sachs, Prof Ruth Hall, Dr Aninka Claassens en ander akademiese en kenners ingelig oor relevante aspekte rondom die moontlike Grondwetwysiging en Grondhervorming. Die mening van die meerderheid sprekers en teenwoordiges was dat dit nie nodig is om Artikel 25 te wysig om grondhervorming te versnel nie.

4. Publieke vergaderings

Die publieke vergaderings van die parlementêre komitee het, soos te wagte was, aanleiding gegee tot uitsprake wat nie bevorderlik is vir sosiale harmonie en positiewe oplossings nie. Na die laaste geskeduleerde publieke vergadering op 4 Augustus 2018 te Kaapstad, sal sekere organisasies wat voorleggings ingedien het, genooi word om vanaf 6 – 17 Augustus 2018 mondelinge voorleggings voor die komitee te maak. Ons is hoopvol dat PALS dalk weer hier 'n geleentheid gaan kry om 'n positiewe voorlegging oor meganismes wat ingestel moet word, te maak.

5. Landbouweekblad Grondberaad

PALS is ook genooi om die Landbouweekblad en Agri SA se Grondberaad op 23 en 24 Augustus 2018 in te lig oor die eiesoortige PALS raamwerk en lesse wat ons geleer het uit die inisiatief. Die dringende behoefte aan 'n sinvolle, volhoubare Grondhervormingsraamwerk by ander streke en produsente, blyk duidelik uit die talle navrae wat ons ontvang.

6. Die Burger – Forum Artikel 29 Junie 2018

In 'n onderhoud met Murray la Vita getiteld "*Die boere kan ons red*" in Die Burger van 29 Junie 2018 het Chris Burgess, redakteur van die Landbouweekblad, verwys na landbouprojekte wat reuse-suksesverhale is en spreek van buitengewone vindingrykheid en deursettingsvermoë ondanks "*die feit dat belanghebbendes geen staatshulp ontvang nie en eerder deur burokratiese argeloosheid, of selfs vyandigheid belemmer word.*"

Byvoorbeeld die Witzenberg PALS raamwerk (Partners in Agri Land Solutions) daar in Ceres in die Witzenbergvallei...Dit is 'n ongelooflike projek.."

Die volledige artikel word hierby aangeheg.

7. PALS Kantoor

Die kantoor te Voortrekkerstraat is steeds Witzenberg PALS se grondhervormingsentrum vanwaar in samewerking met die regsverteenvoerders langsaan, projekte, opleiding, administrasie en ander aspekte van die inisiatief, gekoördineer word.

Fezeka Majika en Petrolene van Rooi beman die kantoor tans met Gerda Roux wat vanaf 1 September 2018 sal aansluit om elke Vrydag die administrasie ten opsigte van lede en die finansiële bestuur van PALS te behartig.

8. Begroting en finansies

As gevolg van die droogte en knelpunte met sekere regeringsgoedkeurings wat projekte vertraag het, het die direksie besluit om ledegeld met 20% te verlaag.

Die PALS begroting is ook drasties besnoei en daar is 'n hernude fokus op plaaslike bemerking in ons eie gemeenskap en die uitrol van soveel as moontlik projekte in lyn met die PALS visie.

9. Projekte

Deur 'n aanpassing in ons strategie, is goedkeurings vir onderverdeling nou wel verkry vir die Kaja (Daniël Goosen) en Bambisane (Gielie Geldenhuys en Tommy Mona) projekte.

Die Thembelitsha projek is ook suksesvol oorgedra. (Berig soos verskyn in die Witzenberg Herald word aangeheg)

Buite die area is die Leeurivier projek te Porterville geïmplementeer en Dasberg Boerdery (Riviersonderend) se waterlisensie moet deur die Direkteur Generaal afgeteken word om die 4,136 hektaar projek te implementeer.

Die Eilandia projek te Robertson, nog 'n projek te Riviersonderend, 'n projek te Carnavon en 'n tafeldruiweprojek by Augrabies, is nou ook in die motiveringsfase.

Wat verdere plaaslike projekte betref, moet lede voortgaan met water- en onderverdelingsaansoeke soos vir implementering benodig, want sonder spesifieke aansoeke kan die druk nie op regeringsdepartemente geplaas word nie.

In dié verband het die Presidensie se Departement van Beplanning en Monitering wel op PALS se versoek, navrae gerig aan die Departemente van Waterwese en Grondsake oor uitstaande aansoeke.

Alhoewel PALS se projekte dus ook negatief beïnvloed is deur die Zuma administrasie se onvermoë of onwilligheid om projekte op staatsvlak te ondersteun, is daar wel lig in die tunnel om weer sekere goedkeurings te verkry.

10. Opleiding

Danksy ons vennootskap met AECI en hul befondsing kon PALS gratis opleiding verskaf aan 92 begunstigdes.

In Junie is hoëvlak opleiding vir direkteure en trustees aangebied en is die opleidingsessies bygewoon deur 38 projekdeelnemers van Ceres, Koue Bokkeveld en Porterville.

11. U rol & betrokkenheid

PALS word landwyd erken as 'n suksesverhaal en 'n inisiatief wat "*'n verskil maak aan hulle gemeenskap en wat eintlik die probeem in Suid-Afrika wil oplos*" – Chris Burgess aangehaal.

Al ons produsente en besighede in Witzenberg word direk deur die grondhervormingsvraagstuk geraak. PALS het in die vier jaar meer suksesvolle projekte geïmplementeer as enige ander streek en het waarskynlik meer vir grondhervorming op 'n volhoubare manier gedoen as die regering se talle mislukte pogings oor 24 jaar.

Die PALS beginsels word dan ook in die regering se Motlanthe verslag bevestig. Ons gaan voluit voort om namens elkeen in ons gemeenskap te werk vir 'n volhoubare grondhervormingspraktyk in Suid-Afrika wat in lyn is met die PALS beginsels.

PALS se voorleggings en werk strek tot voordeel van al die Witzenberg inwoners en alle landbouers regoor Suid-Afrika. Om hierdie rede doen ons 'n dringende en mooi beroep op u om u ledegeld vir 2018/2019 spoedig te betaal en indien u nie 'n lid kan wees nie, ten minste 'n belastingaftrekbare skenking van enige bedrag aan PALS te maak.

Ons benodig 'n sekere minimum bedrag om die werk namens u voort te sit en die gesamentlike inisiatief se belang te bevorder. Ons wil graag help verseker dat beoogde wetgewing nie produktiewe landbougrond se eienaarskap en sinvolle, volhoubare grondhervorming skaad nie.

Die huidige fokus op grondhervorming maak u bydrae aan PALS 'n allerbelangrike belegging in u en u kinders se toekoms.

Vriendelike groete



WITZENBERG PALS (PARTNERS IN AGRI LAND SOLUTIONS)

Telefoon / Telephone: 023 316 1191

E-pos / E-mail: admin@wpals.co.za / gerrit@jvanvuuren.co.za

Posbus / P O Box: 79 CERES, 6835

Voortrekkerstraat / Voortrekker Street 84

CERES 6835